

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 30**

**26 Julie 2026**

# Jy kan 'n GLORIEDRAER wees

Soos die hemele van God se glorie getuig (Ps 19:1,2) sal ons wat deur die Gees gelei word, Sy glorie skyn vir 'n donker wêreld.

**Die betekenis van glorie**

Griekse woord vir glorie is doxa, wat "eer, heerlikheid, lof en aanbidding" beteken. Heerlikheid is ook die prag en helderheid van die maan, son en sterre. Dit is manjifiekheid, voortreflikheid, waardigheid en majesteit – alles eienskappe van Christus.
In Hebreeus is glorie, chabod. Dit beteken iets wat aansienlik of swaar is, ook heerlikheid, eer, prag, mag, rykdom, gesag, grootsheid, roem, waardigheid en voortreflikheid. Chabod is God se heerlikheid, maar ook Sy sigbare prag wat Salomo se temple gevul het. Die glorie van God het Paulus verblind, dit het Moses se gesig laat straal en Jesus uit die graf opgewek.

**Hoe word ek 'n gloriedraer?**

Die glorie van God is te vinde in Sy teenwoordigheid en ons het toegang daartoe. Hoe word ek egter 'n gloriedraer van God; nie net 'n gewone kerkganger nie? Ons sien in die OT dat wanneer die offers gebring is, die verterende vuur van God gekom het en daarná het Sy glorie neergedaal. Paulus vermaan ons om ons liggame as 'n lewende, heilige en welgevalle offer aan God te gee (Rom 12:1). Dus moet jou hele lewe 'n offer wees. God het Adam en Eva van Hom weggestuur toe daar sonde in hulle was. As God se vuur op jou val, moet daar bewyse van as wees – bewyse dat iets verbrand het – jy lewe nie meer nie. Daar moet bewys wees van 'n opstandingslewe. Hierdie offer moet daagliks gebring word. Jy moet heilig lewe! (heilig beteken afgesonder)

**Alles op die altaar**

Te veel van God se kinders hou nog aan hul "klein sondetjies" vas. Hulle weier om sekere areas van hulle lewens op die altaar te plaas – die rede hoekom ons so min van God se krag sien. Die tyd van louwarm Christenskap verby. Ware aanbidders van God gaan in die glorie van God begin wandel; elke dag toegevou in God se tasbare teenwoordigheid, Sy karakter, hart en liefde. - Ilse Kleyn -

Jes 60:1,2 (OV) "Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die Here gaan oor jou op. Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jóú sal die Here opgaan, en Sy heerlikheid sal oor jou gesien word."

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Vir God se plan in al die gebeure regoor die wệreld.
- Vir bemoediging van Sy kinders wat vasgevang is in oorloggeteisterde gebiede.
- Vir almal wat swaar kry in hierdie koue tydperk.
- Vir ons jeug wat weer met onderrig begin het.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Tannie Sannie Wentzel
- Marcel Holtzhausen
- Anja Daniels
- Judy Roux
- Adriaan Alberts
- Willie du Plooy
- Wildie Meiring

Hettie Singleton
Eliana Kotzé
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Wessel Louwrens
Duppie du Plessis
Jaap Naudé
Madelein Els
Debbie Fourie
Adri Botha
Marie Bold

**Ons innige medelye met Ettiene en Anmar Collins. Ettiene se pa is oorlede.**

**Gedagte vir die week**

**“Laat hulle vir U geheilig wees deur ‘n hegte verbintenis aan die waarheid.”**
**Joh 17:17 - NLV**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org